higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

(8011002)

27 Februarie 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik 'n swart of blou pen.
5. Laat minstens DRIE reëls oop na elke vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs die 'WAAR' of ONWAAR' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Demokrasie is 'n politieke regeringstelsel waarin al die burgers van 'n land kan stem wanneer hulle 'n sekere ouderdom bereik om die land se regeringsbeamptes te kies.

1.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1994) is 'n dokument wat fundamentele reëls en beginsels bevat waarvolgens Suid-Afrika regeer word.

1.3 Grondwetlike waardes is die fundamentele beginsels waarop die Grondwet gebaseer is.

1.4 Interregeringsverhoudings is ingewikkeld en verander voortdurend en dit is waarom samewerking tussen staatsdepartemente so belangrik is.

1.5 Swart mense wat in die tuislande gewoon het, het identifikasiedokumente nodig gehad om ander gebiede van Suid-Afrika binne te kom.

1.6 Daar word dikwels na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika as die 1996-Grondwet of die finale Grondwet verwys.

1.7 Menswaardigheid is nie 'n sleutelelement van die Grondwet nie.

1.8 Deursigtigheid beteken dat die regering se optrede openlik en duidelik vir die mense van Suid-Afrika moet wees.

1.9 Die Grondwet, 1996, maak spesifiek daarvoor voorsiening dat die regering programme in werking stel wat spesiale ondersteuning en geleenthede bied aan mense teen wie daar in die verlede gediskrimineer is.

1.10 Ekonomiese regte is daardie menseregte wat waarborg dat 'n regering verseker dat alle werkers regverdig behandel word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kabinet; gelyke; maatskaplike regte; land; president; stel wette/reëls; provinsiale staatskoerant; wetgewende proses; verklaring; provinsiale wetgewers; plaaslike sfeer

2.1 ... beteken om dieselfde regte, verantwoordelikhede en geleenthede as alle ander mense te hê.

2.2 'n ... is 'n belangrike en amptelike verklaring oor 'n spesifieke situasie.

2.3 ... is menseregte wat waarborg dat 'n regering basiese noodsaaklikhede, soos water en behuising sal verskaf.

2.4 Die wetgewende gesag bestaan uit gekose verteenwoordigers van die burgers van die ... .

2.5 Wetgewing is die ... wat die wetgewende gesag maak of verander om die aktiwiteite van die regering, alle organisasies en al die mense in Suid-Afrika te beheer.

2.6 Die ... is 'n amptelike koerant van die provinsiale regering is 'n lys van mense wat deur die regering in diens geneem is en voorsien ook inligting oor provinsiale wetgewing.

2.7 Die ... is die instelling wat die bevoegdheid het om wette in 'n provinsie te maak of te verander.

2.8 Binne die ... van regering kan die burgemeester of enige lid van 'n bepaalde munisipale raad 'n konsep- munisipale verordening indien.

2.9 In die nasionale sfeer van regering is die hoof van die uitvoerende gesag die ...

2.10 Die president moet deur die adjunk president en ander lede van die ... ondersteun word in die uitvoering van sy of haar funksies.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
3.1	Proses waarvolgens besluite geneem en in werking gestel word	A	burgemeester
3.2	Groot organisasie van mense wat wette maak en verseker dat wette gehoorsaam word	B	verhoor
3.3	Menseregte laat 'n persoon toe om besluite op sy of haar eie te neem sonder dat die regering enigiets hoef te doen	C	Grondwet
3.4	'n Persoon wat gekies word om die bestuur van 'n dorp of stad te lei	D	staatsbestuur
3.5	Hoof van die uitvoerende gesag in die provinsiale regeringsfeer	E	howe
3.6	Al drie regeringsfere moet aandag skenk aan die behoeftes van die land	F	regsprekende gesag
3.7	Derde vertakking van die regering	G	negatiewe regte
3.8	Verantwoordelik vir geregtelike aangeleenthede	H	drie vertakkings van die regering
3.9	Regsproses waarin 'n regter in 'n hof inligting ondersoek om te besluit of iemand aan 'n misdaad skuldig is of nie	I	regering
3.10	Moet saamwerk om te verseker dat Suid-Afrika behoorlik bestuur word en dat ontwikkeling plaasvind	J	premier

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Definieer die term *menseregte.* (4)

4.2 Noem TIEN elemente van 'n demokratiese staat. (10)

4.3 Noem SES tipe howe in Suid-Afrika. (6)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die volgende koerantknipsel en beantwoord die vrae.

DIE DUIWEL IS LOS EKASI!
Inwoners eis beter dienste

Deur Dulile Sowaga (*Daily Sun*)

'Sluit die munisipaliteit en kies ander beamptes!'

Dit is wat die inwoners van groot townships in Ditsobotla Munisipaliteit in Noordwes geëis het, omdat hulle ontevrede met die diens is.

Hulle sê niks word vir hulle gedoen nie. Dit was eers Itsoseng Kasi naby Lichtenburg, waar mense reeds maande lank protesteer. Nou is dit Blydeville-inwoners langs Lichtenburg. 'n Polisiebakkie is deur protesteerders omgegooi en 'n Nyala is aan die brand gesteek toe polisie sonder sukses probeer het om die protesoptog te beheer.

Die segspersoon vir die Noordwes Polisie, kolonel Sabata Mokgwabone, het bevestig dat die Nyala aan die brand gesteek is, maar het gesê dat die situasie nou kalm is. Hy het gesê dat 'n kantien en 'n biersaal ook afgebrand is.

Sedert Vrydag het mense gewoonweg hul gang gegaan, maar die probleme het teen 16:00 begin. Nog sewe mense is gearresteer vir openbare geweld na die arrestasie van 14 mense oor die naweek.

Bronne het vir die *Daily Sun* gesê dat die mense van plan is om die munisipaliteit se kantore af te brand as hulle nie die leiers kry wat hulle wil hê nie. Ditsobotla se burgemeester, Daniel Buthelezi, sal die media glo vandag toespreek.

Kopiereg voorbehou

Hy het die geweld vroeër veroordeel. Hy het 'n beroep op verteenwoordigers van die groep besorgde inwoners gedoen om hul aanhitsing tot geweld te staak. Hy het gesê dis nie waar dat die grond wat geïdentifiseer is vir die stigting van 'n dorpsgebied vir Blydeville Uitbreiding 4 verkoop is nie of dat die Lichtenburg Hoërskool geprivatiseer sal word nie. 'Dit is suiwer propaganda,' het die burgemeester gesê.

City Press berig dat Coligny in Noordwes Dinsdagmiddag soos 'n oorlogsone gelyk het met groot rookwolke wat oor dele van die dorp gehang het.

Alle toegangspunte na die dorp is deur gewapende wit mans bewaak wat gesê het hulle beskerm hul eiendom. Drie huise is vroeër vanoggend afgebrand en beskadig.

[Aangepas uit: *www.dailysun.co.za/news/national/all-hell-breaks-loose-ekasi-20170425*]

5.1 Kan die inwoners 'n klag indien, en indien wel, aan wie moet hulle hul kwellings rig? (2)

5.2 Kan 'n strafsaak ingedien word teen die mense wat deur die polisie gearresteer is? Watter tipe saak kan geopen word? (2)

5.3 Verduidelik die verskil tussen *grondwetlike aangeleenthede* en *strafregtelike aangeleenthede.* (5 + 5) (10)

5.4 Het die inwoners die reg om die burgemeester te verwyder? Motiveer jou antwoord. (2)

5.5 Wat word die persoon genoem wat vervolg word? (1)

5.6 Wat is die verantwoordelikheid van 'n munisipaliteit binne sy gebied? (10)

5.7 Wat is die regering se verantwoordelikheid? (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die rol, oogmerk en funksie van die regsprekende vertakking van die regering. (12)

6.2 Verduidelik die struktuur, stelsels en funksies van die Hoë Hof. (8)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou